



basic education

Department:
Basic Education
REPUBLIC OF SOUTH AFRICA

PUNTE

JAARLIKSE NASIONALE ASSESSERING 2013 GRAAD 6 AFRIKAANS EERSTE ADDISIONELE TAAL TOETS

PUNTE: 75

TYD: 1½ UUR

PROVINSIE _____

STREEK _____

DISTRIK _____

NAAM VAN SKOOL _____

OBIS-NOMMER (9 syfers)

--	--	--	--	--	--	--	--	--

KLAS (bv. 6A) _____

VAN _____

NAAM _____

GESLAG (✓)

SEUN

DOGTER

GEBOORTEDATUM

C	C	Y	Y	M	M	D	D
---	---	---	---	---	---	---	---

Hierdie toets bestaan uit 13 bladsye, die voorblad uitgesluit.

Instruksies aan die leerder

1. Lees al die instruksies noukeurig deur.
2. Beantwoord al die vrae in die spasies wat voorsien word.
3. Die toets duur 1½ uur.
4. Skryf netjies en leesbaar.
5. Die onderwyser(es) sal jou deur die oefenvoorbeeld lei voordat jy met die toets begin.

Oefenvoorbeeld

1. Omkring die letter met die korrekte antwoord.

In watter graad is jy vanjaar?


- A vier
- B drie
- C ses
- D vyf

Jy het die vraag korrek beantwoord as jy (C) omkring het.

Die toets begin op die volgende bladsy.

AFDELING A: BEGRIPSTOETS

Lees die storie hieronder en beantwoord vraag 1-15.



Eendag het jakkals 'n kraai hoog in die lug sien vlieg. Sy het 'n stuk kaas in haar bek gehad. "Ek wil daardie kaas hê," het die jakkals gedink.

Toe die kraai op 'n boomtak gaan sit, het die jakkals onder die boom gaan sit en haar begin prys: "Goeie môre, Juffrou Kraai! Hoe pragtig lyk jy! Hoe blink jou oë! Hoe glinster jou vere!"

Die kraai was bly, want sy het daarvan gehou om geprys te word. "Ek is seker jou stem is nog mooier as jou vere," het die jakkals gesê. "Sal jy asseblief vir my 'n liedjie sing, O Koningin van die voëls?" Die kraai was so opgewonde, sy kon skaars stilsit.

Sy het haar kop hoog opgelig en haar oë toegemaak. Daarna het sy haar bek oopgemaak en gesing: "KRAS-KRAS-K-KRAS-S-S." Sy het gedink dat haar stem pragtig en mooi was om na te luister. Die jakkals wou sy pote oor sy kop sit om die aaklige geluid uit sy ore te hou.

Die kaas het op die grond geval, reg voor die jakkals. "Dankie, Juffrou Kraai," het hy gesê, terwyl hy die kaas gulsig opvreet. "In ruil vir jou kaas, sal ek jou goeie raad gee: Moet nooit 'n vleier vertrou nie!"

Die kraai het baie hartseer gevoel. As sy nie so voor die jakkals gespog het nie, sou sy nie haar kaas verloor het nie. Sy het nie net die kaas verloor nie, maar ook haar selfvertroue. Die kraai het haarself verwy. Sy moes nooit die jakkals vertrou het nie.

[Verwerk uit *Kortverhale*]

1. Omkring die letter van die korrekte antwoord.

Waarom het jakkals vir kraai gevlei?

- A Hy was daardie dag honger.
- B Hy het baie van musiek gehou.
- C Hy wou hê dat die kaas moes val.
- D Hy het probeer om met haar vriende te maak. (1)

2. Omkring die letter van die korrekte antwoord.

Waarom was die kraai aan die begin gelukkig?

- A Sy was die koningin van die voëls.
- B Sy was bly om die jakkals te sien.
- C Sy het 'n pragtige sangstem gehad.
- D Sy het dit geniet om deur die jakkals geprys te word. (1)

3. Beantwoord die volgende sin.

Nadat die kraai haar kaas verloor het, wat het sy nog verloor?

_____ (1)

4. Omkring die letter van die korrekte antwoord.

Wat is die les van die storie?

- A Moet nooit 'n vleier vertrou nie.
- B Kraaie hou van kaas.
- C Jakkalse kan met kraaie praat.
- D Nadat dit gereën het, skyn die son. (1)

5. Wat sal die beste titel vir die storie wees? (1)

6. Skryf **twee** sinne neer van dinge wat die jakkals gesê het om die kraai oor haar "voorkoms te prys". (2)

7. Verduidelik waarom die jakkals wou hê dat die kraai moes sing? (2)

8. Was dit regverdig dat die jakkals die kaas gekry het? Gee 'n rede vir jou antwoord. (2)

9. Omkring die letter van die korrekte antwoord. (1)

Wat beteken die woord "glinster" in die volgende sin?

"Hoe glinster jou vere!"

A dof

B blink

C kleurvol

D grof

10. Omkring die letter van die korrekte antwoord.

Waarom het die kraai ingewillig om vir die jakkals 'n lied te sing?

- A Sy het 'n verskriklike lawaai gehoor.
- B Die jakkals het haar goeie raad gegee.
- C Sy wou hê dat die jakkals van haar moes hou.
- D Die jakkals het gesê dat sy 'n pragtige stem het. (1)

11. Voltooi die sin deur die ontbrekende woord in te vul.

"In ruil vir jou kaas sal ek vir jou goeie _____ gee." (1)

12. Omkring die letter van die korrekte antwoord.

Wat was die grootste fout wat die kraai gemaak het?

- A Sy het die jakkals vertrou.
- B Sy het in 'n boom geland.
- C Sy het aaklig gesing.
- D Sy het nie stil gesit nie. (1)

13. Omkring die letter van die korrekte antwoord.

Waarom het die jakkals die kraai "Koningin van die voëls" genoem?

- A Hy het gedink dat sy pragtig is.
- B Dit was haar regte naam.
- C Hy wou hê dat sy moes sing.
- D Hy was bang vir haar. (1)

14. Omkring die letter van die korrekte antwoord.

Wat beteken "Die jakkals het die kraai gevlei?"

A Hy het haar meer geprys as wat nodig was.

B Hy het vir haar raad gegee wat hy gedink het sou help.

C Hy het sag en vriendelik met haar gepraat.

D Hy het haar vriendelik gegroet. (1)


15. Het die jakkals die gesingery van die kraai geniet? Gee 'n rede vir jou antwoord.

_____ (2)

TOTAAL AFDELING A: 19

AFDELING B: TAAL

Die grafiek hieronder dui die leerders se naskoolse aktiwiteite aan.
Gebruik die inligting om die onderstaande vrae te beantwoord.



16. Aan watter aktiwiteit spandeer die meeste leerders hul tyd na skool?
_____ (1)
17. Noem die **twee** aktiwiteite waaraan leerders dieselfde hoeveelheid tyd spandeer.
_____ (2)
18. Noem die aktiwiteit waaraan die leerders die minste tyd na skool spandeer.
_____ (1)
19. Wat is die opskrif van die grafiek?
_____ (1)
20. Verbind die twee sinne deur gebruik te maak van die woord tussen hakies.
Die kraai hou van kaas. Die jakkals hou van kaas. (en)
_____ (1)

21. Skryf die sin in die verlede tyd oor deur die sin te begin met "gister".
- Die jakkals kul die kraai.
- Gister _____ . (1)
22. Gee die meervoud vir die onderstreepte woord.
- Die jakkals het gedink dat hy baie slim was om die kraai te kul.
- _____ (1)
23. Skryf die volgende sinne oor deur die korrekte leestekens te gebruik:
- 23.1 waarom is die kraai spesiaal
- _____ (2)
- 23.2 die kraai was lief vir kaas sjokolade en sade
- _____ (3)
24. Onderstreep die korrekte voorsetsel.
- 24.1 Die kraai het saad (in/oor) haar bek gehou. (1)
- 24.2 Die kaas het (teen/op) die grond geval. (1)
25. Skryf die teenoorgestelde vir die onderstreepte woorde neer.
- Toe die kraai haar oë toegemaak het, het sy haar kaas verloor.
- toegemaak _____
- verloor _____ (2)
26. Skryf 'n woord neer wat dieselfde beteken as die onderstreepte woord.
- Die kraai het pragtige vere gehad. _____ (1)

27. Onderstreep die korrekte woord tussen hakies om die sinne te voltooi.
- 27.1 Die wyfiekraai se oë was (blinker/blinkste) as die mannetjie s'n. (1)
- 27.2 Die jakkals is die (vinniger/vinnigste) dier in die woud. (1)
28. Skryf **twee** sinne om **twee** verskillende betekenisse vir die woord "prys" te verduidelik.
- Sin 1: _____
_____ (1)
- Sin 2: _____
_____ (1)
29. Onderstreep die korrekte woord(e) tussen hakies om die sinne te voltooi.
- 29.1 Die jakkals (wil/wil nie) die kaas hê nie. (1)
- 29.2 Die kraai (was/was nie) hartseer toe sy haar kaas verloor het. (1)
30. Gee die teenoorgestelde geslag van die onderstreepte woord.
- 30.1 Die moeder het die storie oor die kraai vir die kinders vertel. _____ (1)
- 30.2 Die mannetjie sou nooit so iets aan die jakkals doen het nie. _____ (1)

31. Onderstreep die korrekte vorm van die werkwoord tussen hakies.

31.1 Gister het die kraai op 'n tak (land/geland). (1)

31.2 Môre (sal/sou) die kraai pragtig sing. (1)

32. Verander die woord, "reis" deur 'n agtervoegsel by te voeg. Kies die agtervoegsel uit die onderstande lys.

-ver; -de; -ende; -iger

(1)

33. Skryf die woorde tussen hakies oor deur die afkappingsteken () op die regte plek in te voeg.

Die jakkals het die kaas gesteel, maar dit was die (kraai sn).

(1)

34. Gee die teenoorgestelde betekenis van die woord "gelukkig" deur 'n voorvoegsel by te voeg.

Juffrou Kraai is ____lukkig omdat sy haar selfvertroue verloor het.

(1)

35. Skryf die stam/basis van die onderstreepte woord neer.

Die koningin van die voëls het baie hartseer gelyk.

(1)

36. Kies die korrekte voornaamwoorde uit die woordblok om die sinne te voltooi.

joune; hulle s'n; ons s'n; myne

36.1 Die kaas behoort aan my, dit is _____.

(1)

36.2 Die nes behoort aan hulle, dit is _____.

(1)

37. Lees die gedeelte hieronder en kies **ses** redes waarom voëls sing. Skryf hierdie redes volgens punte neer.

Waarom voëls sing?

Waarom sing voëls? Jy dink miskien dat voëls sing omdat hulle gelukkig is. Terwyl voëls gelukkig is, sing hulle om te kommunikeer. Hulle sing om te wys waar hulle bly. Voëls sing om ander voëls te waarsku om van hul blyplek af weg te bly.

Voëls sing ook om 'n maat te vind. Die lengte en moeilikheidsgraad van die paringslied gee inligting oor die fiksheid van die voël. Gesonde voëls kan langer sing. Voëls roep na mekaar met korter liedjies om mekaar te waarsku teen gevaar en om mekaar op te spoor. Voëls sing sonder dat hulle geleer is hoe om te sing. Jong voëls leer om hul liedjies perfek te sing deur te luister na die volwasse voëls en tussen ander voëls te wees. Voëls in 'n plaaslike gebied kan die verskille in 'n basiese lied aanleer wat hulle help om ander lede in hul groep te herken.

[Aangepas uit Englishforeveryone.org]

1.	
2.	
3.	
4.	
5.	
6.	

(6)

TOTAAL AFDELING B: 41

Puntetoekenning vir Vraag 38			
Kriteria		Maks Punt	Leerder se Punt
38.1	Formaat	5	
38.2	Taal, Spelling en Punktuasie	5	
38.3	Inhoud	5	
	TOTAAL	15	